BYLAAG

TAAKSPAN LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE (STLAS)

Verslag aan die gewone vergadering van die
SINODALE DIENSRAAD
van Noordelike Sinode
gehou op 27 Oktober 2017 te Universiteitsoord

AGTERGROND

In die lig van verskeie gesprekke, berigte en debatte op verskeie media en sosiale platforms in die Ned. Geref. Kerk oor die afgelope aantal jare, het die moderatuur van Noordelike Sinode toestemming verleen aan ’n inisiatief om drie een dag konferensies te hou wat handel oor verantwoordelike Skrifinterpretasie.

Die oogmerk was om ’n ruimte te skep waar kollegas en lidmate saam kan luister en gesels oor die belangrike saak van ’n verantwoordelike en etiese omgaan met die Bybel en ons tradisie. Vandaar dan ook die oorhoofse en drie sub-temas van die konferensies.

Die moderatuur het geoordeel dat dit die beste sal wees om hierdie inisiatief in samewerking met Excelsus, die voertuig vir voortgesette bedieningsontwikkeling in die noorde van ons land te doen. Excelsus is ten opsigte van ervaring en infrastruktuur geskik om Noordelike Sinode in die verband van kundigheid te voorsien, terwyl dit ook die koste van die konferensies verlaag.

PERSONEEL

Fanie Cronje het as sameroeper van die taakspan opgetree en is in die beplanning deur dr. André Bartlett (Excelsus) en ds. Paul Grobler (Noordelike Sinode) ondersteun. Dr. James Kirkpatrick (Stellastraat Gemeente), dr. Andries Kritzinger (Orkney Gemeente - Goudland) en dr. André van Niekerk (Waterkloof Gemeente) het ingestem om die drie sub-temas onderskeidelik te hanteer. Die aanbieders is in die lig van hulle belangstellings- en nagraadse studieveld gekies.

TEMA, PROGRAM EN WERKSWYSE

Die tema van die konferensie was *Skrifinterpretasie en Skrifgesag* met as sub-temas *Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike hermeneutiek* (dr. James Krikpatrick), *Belydenisskrifte en die kanonisiteit van die Bybel* (dr. Andries Kritzinger) en *Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike etiek* (dr. André van Niekerk). Die laaste tema op die laaste konferensie deur dr. Fanie Cronjé hanteer, aangesien dr. André van Niekerk op kort kennisgewing weens gesondheidsredes moes onttrek.

Daar is besluit om die drie een dag konferensies te desentraliseer met die vertroue dat meer mense geleentheid sou hê daarom moontlik te bywoon. Die konferensie is op 22 Maart by Lynwood Gemeente, op 20 April by Pietersburg-Noord Gemeente en op 27 Julie by Brits Gemeente aangebied. Die konferensies is onderskeidelik deur 40, 11 en 15 mense bygewoon.

Vir elke inleier en sy tema is 90-minute afgestaan vir aanbieding en gespreksgeleentheid. Aan die einde van die program is aan elke aanbieder geleentheid gegee om in die lig van die dag se gesprek enkele slot opmerkings te maak, waarna nog 30-minute aan gespreksgeleentheid afgestaan is.

TEN SLOTE

Daar was beswaar van twee kollegas wat gesê het die aanbieders het ’n eensydige perspektief op die tema. Een van die beswaarde persone het wel die eerste konferensie bygewoon. Ander terugvoer was oorweldigend positief en waarderend.

Die Taakspan vertrou dat dié drie een dag konferensies sal bydra het tot nog meer positiewe en verantwoordelike gespreksvoering oor kontensieuse sake binne ons sinode, terwyl ons sal bly groei in ons verhouding met mekaar, verskille ten spyte en in ons diensbaarheid in die koninkryk van God.

Taakspanlede
Fanie Cronjé (taakspanleier), Paul Grobler, James Kirkpatrick, Andries Kritzinger, André van Niekerk.